Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Mark van der Vendt**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za |021 467 2509

Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: 20240111-746

Strategiese Mensbestuursminuut: 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Die belangrikheid vir opvoeders en staatsamptenare om aansoek te doen vir toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig**

1. Artikel 33 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), artikel 30(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig, en artikel 13(c) van die *Staatsdiensregulasies, 2016*, soos uitgereik in *Staatskoerant* Nr. 40167 van 29 Julie 2016, lig alle werknemers in aangaande hul verpligting om by die Hoof van die Departement om toestemming aansoek te doen indien hulle besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) wil verrig.

2. Werknemers wat nog nie goedkeuring gevra het om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig nie, asook diegene wat van voorneme is om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, moet onmiddellik hul aansoeke by die volgende adres indien:
Hoof: Onderwys
Vir die aandag van: Direkteur: Strategiese Mensbestuur
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
KAAPSTAD
8000

OF

E-pos: RWOPS.Applications@westerncape.gov.za

3. Goedkeurings word per boekjaar (01 April tot 31 Maart van die volgende jaar) toegestaan en werknemers moet dus jaarliks vooruit aansoek doen.

4. Geen werknemer mag besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) verrig sonder vooraf goedkeuring deur die werkgewer nie. Dit is dus belangrik dat goedkeuring vroegtydig verkry word voordat sodanige werk gedoen word.

5. Werknemers (uitgesluit voltydse werknemers wat op 'n sessiebasis aangestel is), wat op hul verklaring aandui dat hulle besoldigde werk buite die staatsdiens verrig, of lid is van 'n maatskappy/geslote korporasie en nie vergoeding, 'n toelaag of 'n beloning ontvang nie, moet ook 'n aansoek vir besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) voltooi.

6. Werknemers wie se persoonlike besonderhede aan 'n privaat maatskappy op die register van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom gekoppel is en wat nie langer besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) verrig nie, word vriendelik versoek om te verseker dat hulle behoorlik gederegistreer is.

7. Werknemers wat verplig is om hul finansiële belang openbaar te maak en aansoek gedoen het om toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, moet verseker dat hulle rekord hou van die brief wat aan hulle toestemming verleen om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, ten einde die brief op die eDisclosure System te laai.

8. Werknemers wat bykomende besoldiging van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ontvang om onder meer op te tree as matriekeksamennasieners, opleiers/fasiliteerders en onderwysers wat toesighoudende pligte by koshuise uitvoer, hoef nie aansoek te doen om toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig nie, aangesien bykomende betalings ingevolge bestaande wetgewende bepalings gewaarborg word.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle werknemers onder u toesig.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2024-01-23